B.b. 10/86

FREDERICK CHRISTIAAN ELS APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

SAAK NO. 19/85
/CCC

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

FREDERICK CHRISTIAAN ELS — APPELLANT

en

DIE STAAT — RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, SMALBERGER ARR *et* NESTADT Wnde AR

VERHOOR: 21 FEBRUARIE 1986

GELEWER: 4 MAART 1986

---

U I T S P R A A K

TRENGOVE, AR:

Die appellant en ene Daniel Hauptfleisch

Deetlefs/ ......

Deetlefs is op 5 Junie 1984, in die rondgaande hof te Tzaneen, deur regter Esselen en twee assessore aan menseroof (een aanklag) en verkragting (een aanklag) skuldig bevind. Hierbenewens is die appellant ook op 'n aanklag van diefstal skuldig bevind. Al die aanklagte spruit voort uit gebeure gedurende die aand van 27 Julie en die vroeë oggendure van 28 Julie 1983. Die verhoofhof het bevind dat die appellant en Deetlefs gedurende hierdie tydperk (a) vir Petrus Stephanus Venter en Magrieta Potgieter ("die klaagster") ontvoer en aangehou het; (b) dat hulle die klaagster verkrag het; en (c) dat die appellant haar verloofring gesteel het. Die appellant is gevonnis tot gevangenisstraf van twee

jaar/ ......

jaar op die aanklag van ontvoering, twintig jaar op die aanklag van verkragting en een jaar op die aanklag van diefstal. Deetlefs is gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf op die aanklag van ontvoering, en twintig jaar gevangenisstraf op die aanklag van verkragting. Wat beide beskuldigdes betref, is daar gelas dat die tydperke van gevangenisstraf saamlopend uitgedien sou word. Die effektiewe tydperk van gevangenisstraf is dus in albei gevalle twintig jaar gevangenisstraf. 'n Aansoek namens die appellant om te appelleer (a) teen sy skuldigbevinding as mededader, in plaas van medepligtige, op die aanklag van ontvoering en (b) teen die vonnis van twintig jaar gevangenisstraf op die aanklag van verkragting

is deur die verhoorregter afgewys. Sodanige verlof is egter later ten gevolge van 'n versoekskrif gerig aan die Hoofregter verleen kragtens die bepalings van artikel 316(8)(c)(ii) van die Strafproseswet 1977. Daar is destyds ook namens Deetlefs by die verhoorregter aansoek gedoen om teen sy vonnis op die aanklag van verkragting te appelleer, maar die aansoek is afgewys en die saak is toe, wat hom betref, nie verder gevoer nie.

Daar is tans geen dispuut oor die tersaaklike feite nie. Hulle word volledig in die uitspraak van die verhoorhof uiteengesit en kan vir onderhawige doeleindes soos volg saamgevat word. Op 27 Julie 1983,

om ongeveer 18h00, het die appellant en Deetlefs heel onverwags, per motor, vanaf Pietersburg by Venter se ouerhuis, in die omgewing van Tzaneen, opgedaag. Venter het destyds by sy ouers ingewoon. Hy en die appellant was neefs. Venter het aan hulle verduidelik dat hy op die punt staan om na die klaagster, wat in 'n losieshuis in Tzaneen geloseer het, te gaan. Sy sou die eerskomende naweek saam met hom na Pretoria gaan en hy wou hulle reëlings in dié verband bevestig. Dit blyk dat Venter se verloofde, wat 'n goeie vriendin van die klaagster was, en ook die klaagster se verloofde destyds albei aan afdelings van die Polisiemag te Pretoria verbonde was. Hoe dit ook sy, die appellant het voorgestel dat Venter

en/ ......

en die klaagster saam met hulle êrens gaan vleis braai. Hulle ry toe na die klaagster se losieshuis, Venter met sy eie motor, en die appellant en Deetlefs met hulle motor. Op pad daarheen het hulle twee keer stilgehou, eers toe daar kwansuis fout met die appellant en Deetlefs se motor was, en daarna toe hulle by 'n kafee aangegaan het om koeldrank te koop. By albei geleenthede is Venter deur die appellant en Deetlefs oorreed om saam met hulle 'n glasie brandewyn met Coca Cola te drink. Nadat die klaagster ingestem het om saam met hulle te gaan vleis braai, is hulle in die twee motors na die Fanie Bothadam wat net buitekant Tzaneen op die pad na Duiwelskloof geleë is. Die klaagster het saam met Venter gery.

By die dam het hulle gesellig verkeer. Hulle het vleis gebraai. Die appellant en Deetlefs het weer 'n glasie of twee brandewyn met Coca Cola gedrink. Hulle het ook vir Venter 'n drankie gegee maar hy het nie weer gedrink nie omdat hy nie goed gevoel het nie. Die klaagster het geen sterk drank gebruik nie. Volgens die klaagster het die appellant en Deetlefs normaal voorgekom en het hulle heeltemal ordentlik teenoor haar opgetree. Nadat hulle 'n tydlank daar vertoef het, het Venter siek geword en het hulle op voorstel van die klaagster besluit om huis toe te gaan. Deetlefs het aangebied om Venter se voertuig te bestuur omdat hy nog siek gevoel het. So gesê, so gedaan. Die klaagster het voor

langs/ ......

langs Deetlefs gesit, en Venter op die agtersitplek. Die appellant het hulle met die ander voertuig gevolg.

By die aansluiting met die Tzaneen-Duiwelskloofpad het Deetlefs na regs, in die rigting van Duiwelskloof, in plaas van na links, in die rigting van Tzaneen gedraai, sy pas versnel, en teen 'n hoë spoed voortgery. Op 'n vraag van die klaagster waarom hy dan in daardie rigting ry, het Deetlefs haar toegesnou dat sy moet stilbly. Sy het begin gil, die deur oopgemaak en probeer uitspring. Deetlefs het haar toe deur die gesig geklap, haar van agter aan haar hare beetgegryp en voortgesnel. Met die oog op die geskilpunte in hierdie appèl is dit nie nodig om verder op die be-

sonderhede van hierdie insident in te gaan nie. Teen daardie tyd was dit reeds donker. Nadat hulle 'n hele ent in die rigting Duiwelskloof gery het, het Deetlefs op 'n sypad afgedraai en in 'n bloekombos stilgehou. Die appellant wat deurgaans kort op hulle hakke was, het langs hulle tot stilstand gekom. Deetlefs het hom aangesê om Venter se hande vas te bind en hy het dit sonder enige teenkanting gedoen. Hy het Venter se hande met 'n stuk elektriese draad styf agter sy rug vasgebind. Nadat hulle Venter ook nog in sy motor toegesluit het, het Deetlefs die klaagster agter in hulle motor ingedwing en langs haar ingeklim. Hy het haar nog steeds agter aan haar hare beetgehad. Met die appellant agter die stuurwiel, is

hulle/ ......

hulle toe daar weg.

Toe hulle by die hoofpad kom, het hulle weer in die rigting van Duiwelskloof gery. Terwyl hulle ry, het Deetlefs die klaagster gedwing om 'n hele bottel skoon rietspiritus uit te drink en 'n slaappil te sluk. Die appellant se enigste reaksie hierop was om vir Deetlefs te sê "om stadig te gaan met die drank". Die klaagster was gou in 'n toestand van beswyming en toe sy die volgende oggend haar bewussyn herwin was sy in die hospitaal te Louis Trichardt. Wat intussen met haar gebeur het, blyk uit bekentenisse van Deetlefs en die appellant wat met hulle toestemming as bewysstukke aan die verhoorhof voorgelê is. Ek bepaal my by die

appellant se verklaring. Daaruit blyk dit dat hulle vanaf Duiwelskloof in die rigting van Louis Trichardt gery het. Op weg daarheen het hulle op 'n grondpad afgedraai en ongeveer vyf kilometer verder weer stilgehou. Daar het Deetlefs en die appellant die klaagster heeltemal ontklee en haar toe albei verkrag. Hulle het die klaagster se klere weer vir haar aangetrek, haar agter in die motor gesit, en verder gery. In die omgewing van Vivo het hulle weer van die pad afgedraai en in die veld ingery totdat hulle motor in 'n droë rivierbedding vasgeval het. Hulle het toe die appellant teen 'n berghelling uitgedra en daar oornag. Gedurende die nag het Deetlefs en die appellant die klaagster weer verkrag.

Vroeg/ ......

Vroeg die volgende oggend het hulle stemme gehoor en toe die polisie gewaar aan die voet van die berghelling. Hulle het dadelik op vlug geslaan en die klaagster wat nog steeds bewusteloos was daar agtergelaat. Hulle is die volgende dag gearresteer.

Die polisie het blykbaar kort nadat Deetlefs en die appellant weggevlug het op die klaagster afgekom en haar na die hospitaal te Louis Trichardt geneem. Daar is sy om 11h30 deur 'n plaaslike geneesheer, Dr Labuschagne, ondersoek. Volgens Dr Labuschagne was die klaagster op daardie tydstip heeltemal histeries - sy het aanhoudend gehuil en kon glad nie praat nie - en het sy gely aan wat hy beskryf het as mediese, in teenstelling

met/ ......

met psigiese, skok. Hy het dit toegeskryf aan die blootstelling wat sy moes verduur en die inname van die oormatige hoeveelheid rietspiritus. Hy het verduidelik dat die inname van 'n hele bottel rietspiritus en 'n slaappil lewensgevaarlik vir die klaagster was. Sy ondersoek het ook getoon dat een of meer persone verskeie kere met die klaagster geslagsgemeenskap gehad het. Hy het tekens van bloeding en kneusing aan haar privaat dele gevind maar geen ernstige letsels nie. Volgens die klaagster het sy gou herstel en het sy geen behoefte aan enige sielkundige behandeling gehad nie. Sy is sowat ses maande na die voorval met haar verloofde getroud en ten tyde van die verhoor het sy gesê dat hulle

gelukkig/ .....

gelukkig getroud was en 'n normale huwelikslewe lei.

Teen hierdie agtergrond kom ek vervolgens by die twee geskilpunte in hierdie appèl. Soos reeds vermeld, is daar eerstens namens die appellant aangevoer dat die verhoorhof misgetas het deur hom as mededader aan menseroof skuldig te bevind. Daar is betoog dat hy slegs 'n medepligtige was. In die lig van die feite hierbo uiteengesit, kan ek hierdie stelling nie aanvaar nie. Na my oordeel voldoen die handelinge van die appellant aan al die wesentlike elemente van die misdaad menseroof. In Snyman, Strafreg, bl 426 word menseroof omskryf as "die wederregtelike, opsetlike ontneming van 'n persoon se vryheid van beweging" en dan volg die

woorde/ ......

woorde "en/of, indien so 'n persoon 'n kind is, die wederregtelike, opsetlike ontneming van 'n ouer se beheer oor die kind". Hierdie omskrywing stem wesentlik ooreen met die definisie van "kidnapping" in Hunt, South African Law and Procedure, vol 11, 509. Daar is blykbaar onder sommige van ons hedendaagse skrywers nog steeds meningsverskil oor die vraag of kinderdiefstal slegs 'n verskyningsvorm van menseroof is - soos gesê is in R v Lentit 1950(1) S A 16(K) en R v Levy and Another 1967(1) S A 351(W) - en of dit 'n aparte misdaad is (kyk Snyman, op cit, bl. 427), maar vir die onderhawige doeleindes is dit nie nodig om hieroor uitsluitsel te gee nie. Dit blyk duidelik uit die getuienis, en ver-

al ook/ ......

al ook uit die appellant se eie verklaring, dat hy daadwerklik deelgeneem het aan die wederregtelike en opsetlike ontneming van beide Venter en die klaagster se vryheid van beweging. Hy het sonder enige teëstribbeling vir Venter vasgebind toe Deetlefs hom aansê om dit te doen en daarna het hulle ook nog vir Venter in sy motor toegesluit en toe weggery. En wat die klaagster betref, was dit die appellant wat die motor bestuur het nadat Deetlefs haar teen haar sin in die voertuig ingedwing het, haar daar gevange gehou het, en haar gedwing het om die bottel rietspiritus te drink en die slaappil te sluk. Ek moet miskien ook net meld dat die appellant nie by die

verhoor getuig het of enige verduideliking vir sy optrede aangebied het nie. Hy het hom verlaat op sy relaas van die gebeure soos uiteengesit in sy bekentenis. Met die oog op die voorgaande feite, en in die lig van die algemene beginsels in verband met daderskap vervat in gewysdes soos bv. S v Williams en 'n Ander 1980(1) S A 60(A) en S v Maxaba en Andere 1981(1) S A 1148(A), het die verhoorregter, na my oordeel, die appellant tereg op die aanklagte van menseroof as dader, of mededader, skuldig bevind.

Ek kom nou by die appèl teen die vonnis van twintig jaar gevangenisstraf op die aanklag van verkragting. Daar is nie namens die appellant aan-

gevoer/ ......

gevoer dat die verhoorregter by vonnisoplegging enige wesentlike feite oor die hoof gesien het nie. Wat die appellant se advokaat wel betoog het, was dat die verhoorregter nie voldoende ag geslaan het op sy persoonlike omstandighede nie en dat die vonnis in ieder geval onredelik swaar is.

Verkragting is uiteraard altyd 'n ernstige misdryf. In die onderhawige geval was die klaagster negentien jaar oud toe sy verkrag is. Die omstandighede waarin dit gebeur het, vervul 'n mens met weersin. In 'n sekere sin is dit gelukkig dat die klaagster in 'n toestand van beswyming was toe sy verkrag is en sy dus nie besef het wat met haar gebeur nie. Soos reeds

vermeld, het sy geen ernstige beserings opgedoen nie en geen blywende psigiese skade gely nie. Dit was nietemin 'n aaklige ondervinding en Deetlefs en die appellant het hulle baie beslis soos twee gewetelose skobbejakke gedra.

Wat die appellant se deelname betref, is die waarskynlikhede baie sterk dat hy hom in 'n groot mate laat beïnvloed het deur Deetlefs. Destyds was die appellant pas agtien jaar oud. Deetlefs was reeds sewe-en-twintig jaar oud. Volgens die verslag van die maatskaplike werker, wat deur die verhoorregter aanvaar is, is die appellant teruggetrokke van geaardheid en maklik beïnvloedbaar. Daarenteen is die getuienis

dat Deetlefs 'n psigopaat is met 'n dominerende en aggressiewe persoonlikheid. Die appellant het geen vorige veroordelings vir geweld - of seksmisdade gehad nie. Deetlefs het destyds drie vorige veroordelings vir gewone aanranding gehad en een vir onsedelike aanranding. Dit blyk ook duidelik uit die getuienis dat Deetlefs by die onderhawige geleentheid die voortou geneem het en die dominante rol gespeel het. Toe hulle van die Fanie Bothadam vertrek, was dit Deetlefs wat voor gery het en in die rigting van Duiwelskloof afgedraai het in plaas van na Tzaneen; toe hulle in die bloekombos stilhou, was dit hy wat die opdrag gegee het dat Venter vasgebind moet word;

toe/ ......

toe hulle daar vertrek was dit hy wat die klaagster agter in die motor ingedwing het en haar daar vasgehou het; en op pad was dit hy wat die klaagster gedwing het om die bottel rietspiritus te drink en die slaappil te sluk; en, ten slotte, toe hulle by die eerste geleentheid die klaagster verkrag het, was dit weer hy wat die voortou geneem het . Na my oordeel het die verhoorregter nie voldoende ag geslaan op die mate waarin die appellant waarskynlik deur Deetlefs beïnvloed was nie. Die verhoorregter sê wel in sy uitspraak dat hy ten aansien van die appellant in ag neem dat hy jonger as Deetlefs was en dat daar "ŉ mate van beïnvloeding kon geheers het op die stadium toe hy

aanvanklik/ ......

aanvanklik aan die menseroof deelgeneem het". In die lig van die getuienis moes die verhoorregter, na my mening, verder gegaan het en ten gunste van die appellant aanvaar het dat hy waarskynlik deurgaans in sy optrede deur Deetlefs se dominerende persoonlikheid en aggressiewe optrede beïnvloed was. Die verhoorregter het ook ten gunste van die appellant en van Deetlefs aanvaar dat hulle waarskynlik die betrokke aand in 'n mate onder die invloed van sterk drank en dagga was. Dit blyk uit hulle verklarings dat hulle daardie dag sterk drank gebruik het en dagga gerook het reeds voordat hulle by Venter in Tzaneen opgedaag het. In die lig van Venter en die klaagster se waarnemings, Deetlefs en die appellant

se optrede, en hulle gedetailleerde weergawes van die gebeure, soos vervat in hulle verklarings, twyfel ek of die sterk drank en dagga werklik enige noemenswaardige invloed op hulle handelswyse gehad het. Ek aanvaar egter dat dit wel die geval mag gewees het en dat dit 'n faktor is wat by vonnisoplegging in gedagte gehou moet word.

Om saam te vat. In die lig van al die feite en omstandighede hierbo vermeld, is 'n vonnis van twintig jaar gevangenisstraf in die geval van die appellant, na my oordeel, "onredelik" swaar en sal 'n vonnis van 12 jaar gevangenisstraf voldoen aan die doelstellings met strafoplegging. Ek moet dit miskien hier duidelik stel dat dit hoegenaamd nie my bedoeling is om my uit te laat oor

die geskiktheid, al dan nie, van Deetlefs se vonnis nie. Dit is nie hier ter sprake nie. Dit volg uit die voorgaande dat dit hierdie hof vrystaan om in die geval van die appellant in te gryp.

Die bevel van hierdie hof is derhalwe soos volg:

(a) die appèl teen die skuldigbevinding op die aanklag van menseroof word afgewys;

(b) die appèl teen die vonnis op die aanklag van verkragting slaag tot die mate dat die vonnis verminder word tot 12 jaar gevangenisstraf. Al die vonnisse sal steeds saamlopend uitgedien word.

TRENGOVE, AR

SMALBERGER, AR )
) STEM SAAM
NESTADT, Wnde AR )